

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 25 Oktober 2020**

1. VOTUM

“Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende.
Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid;
en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.

2. SEËNGROET

³Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus, ⁴wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring. ⁵Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

3. LOFLIED: STROME VAN SEËN

Strome van seën van Bowe
Dit het die liefde beloop
Heerlike tyd van verklikking
Vloei uit ons Heiland en Hoof

KOOR:

*Strome van seën
Gee van U volheid ons weer.
Reeds val die druppels gedurig
Skenk ons die strome o Heer*

Strome van seën van Bowe
Daal met verrissing tans neer,
Skenk uit U hemelse volheid.
Skenk ons 'n oorfloed o Heer!



4. SKRIFLESING EN GEBED.

Skriflesing: 1 Petrus 3:13-22

Tema: Lyding lei tot 'n lewe van oorwinning en oorvloed.

Petrus se drie verwysings na die kruisdood van Christus

In die brief van Petrus is daar drie verwysings na die kruisdood van Christus en die praktiese implikasie van sy sterwe aan die kruis:

- In hoofstuk een word daar verwys na die *sinlose lewenswyse* van mense en dat ons deur die kosbare bloed van Christus losgekoop is van 'n sinlose lewe. (1 Petrus 1:18,19)
- In die hoofstuk twee is daar 'n verwysing na die *vernietigende effek* wat sonde op die psige en liggaam van die mens het en dat Christus ons sondes in sy liggaam op die kruis gedra het, sodat ons deur die wonde van Christus genees kan word. (1 Petrus 2:11 en 24)
- In hoofstuk drie verwys Petrus na die *onregverdig lyding* van gelowiges en dan skryf hy dat die regte hantering van lyding tot 'n lewe van oorwinning en oorvloed lei. Christus het self onregverdig gely het, maar na sy opstanding kondig Hy sy oorwinning aan oor die geeste in die gevangenis.

1. DIE ONREGVERDIGE LYING VAN CHRISTUS. (V 18)

¹⁸Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring,

'n Onskuldige sterf vir die skuldiges

Hierdie gedeelte verwys na die Donderdagaand en Vrydagoggend van Jesus se verhoor en kruisiging tydens Paasfees. Terwyl Hy in Getsemané was, bid Hy twee maal dat Sy lydingsbeker van Hom weggeneem moes word. Ons lees dat Hy in doodsang was en dat sy sweet soos bloeddruppels geword het. Toe hulle uit die tuin uitstap, kondig Jesus aan dat die uur van die mens en die demoniese magte aangebreek het. Daarna word Hy gevange geneem en word Hy die hele nag deur die Joodse Raad verhoor. Hierna word Hy na Pontius Pilatus geneem wat hom verder



verhoor het. Pontius Pilatus verklaar egter dat hy geen skuld aan Hom vind en dat hy Jesus wou vryspreek. Maar die Jode weier dat Hy vrygespreek word en kies dat die vryheidsvegter, Barabbas, in sy plek vrygelaat moet word. Daarna het Pilatus opdrag gegee dat Hy gegésel en gekruisig moes word. Inderdaad, 'n onskuldig sterf in die plek van skuldiges.

Wat was die doel van Sy kruisiging?

Volgens Petrus sterf Christus om ons aan God voor te stel. Die beeld wat hy hier gebruik verwys na die funksie van 'n hooggeplaasde amptenaar in die paleis van 'n koning wat vreemde besoekers by die voordeur van die paleis moes ontvang. Hy sou hulle amptelik ontvang en uitvind wat die doel van hulle besoek is. Hy moes ook na hulle aanbevelingsbriewe kyk asook die geskenke wat hulle saamgebring het. Daarna gaan hy na die troonkamer en kondig by die koning aan dat daar besoekers in die voorportaal is wat hom graag wil ontmoet. As die koning ingestem het om hulle te ontvang, het die amptenaar na die besoekers teruggekeer en gesê dat die koning gereed is om hulle te ontvang. Hy het dan die besoekers na die troonkamer begelei, waar hy hulle formeel aan die koning voorgestel het. Nadat die doel van die besoek afgehandel is, het die koning saam die besoekers 'n feesmaaltyd gevier. Petrus skryf dat Christus gesterf het om ons aan die God voor te stel en daarna deel van sy huishouding te word. Nie meer vreemde besoekers nie, maar nou deel van sy familie.

2. CHRISTUS WORD LEWEND GEMAAK. (VERS 19)

“Christus wat as mens doodgemaak is,
maar deur die Gees lewend gemaak is.”

Jesus word opgewek

Ons bly nog steeds by die misterie van die Paasfeesnaweek. Christus sterf Vrydag twaalfuur en toe Maria Magdalena Sondagoggend by die graf kom, was die graf leeg gewees. Wat het tussen Vrydag en Sondagoggend plaasgevind. Ons lees dat Christus deur die krag van die Heilige Gees lewend gemaak is. Hy ontvang sy nuwe verheerlikte liggaam waarmee die bande van die dood finaal verbreek is. (Romeine 1:4, Efesiërs 1:18-22). Paulus skryf dat Christus die “eersteling uit die dood is.” (1 Korinthiërs 15)



Geeste in die gevangenis

“En so het Hy na die geeste in die gevangenis gegaan en
daar sy oorwinning aangekondig.”

Nadat Jesus opgewek is deur die kragtige werking van die Heilige Gees, staan Hy met sy nuwe verheerlikte liggaam in die graf en nou moet Hy êrens heengaan. Waarheen gaan Hy? Volgens Petrus verskyn Hy eerste aan engele en daarna keer Hy terug om homself aan Maria Magdalena te openbaar. Oor daardie naweek het daar 'n dramatiese gebeurtenis plaasgevind. Petrus skryf dat Hy na die geeste in die gevangenis gegaan het om daar Sy oorwinning aan te kondig. Wat die Vrydag na 'n totale nederlaag vir Christus gelyk het, verander in Sy totale oorwinning oor die geeste in die gevangenis.

Wie is hierdie geeste in die gevangenis?

Petrus verwys na die tydperk van Noag. Oor hierdie tydperk kry ons drie verwysings:

“God het selfs die engele wat gesondig het, nie gespaar nie. Hy het hulle in die hel gestort en hulle laat boei om in die duisternis gevange gehou te word vir die oordeel.” (2 Petrus 2:4.)

“Dink ook aan wat gebeur het met die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag.” (Judas 6.)

“Toe die mense baie begin word het op die aarde en daar vir hulle dogters gebore is, ²het **die hemelwesens** gesien die dogters van die mense is mooi en het hulle getrou met die dogters van hulle keuse. ³Toe sê die Here: “My Gees sal nie meer so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees.”⁴In daardie tyd was daar reuse op die aarde, en ook daarna wanneer **die hemelwesens** na die dogters van die mense toe gekom en kinders by hulle gehad het. Hulle was die sterk mense van die ou tyd, die manne van naam.” (Genesis 6.)



- *Apokriewe geskrifte van Henog.*

In die apokriewe geskrifte van Henog wat handel oor die gevalle engele, skryf hy dat twee honderd engele, onder die aanvoering van die hoofengel Azazel, 'n opstand teen God in die vyfde hemel beplan het. Hy het hierdie engele oortuig om hulle magsgebied te verlaat en na die aarde te kom om met vrouens gemeenskap te hê en om hulle die kuns van towery aan te leer. Uit hierdie ontoelaatbare gemeenskap is die reuse van die outyd gebore en het totale boosheid oorgeneem. Volgens die geskrifte van Henog is hierdie engele (watchers) egter gevangene geneem en word hulle in boeie in die tweede hemel bewaar.

Christus kondig sy oorwinning aan

Die geeste in die gevangenis is die engele wat hulle magsgebied verlaat het om met vrouens te trou en kinders by hulle te verwek. Hulle het in die hemel met 'n opstand teen God en Christus begin. Tot en met die kruisiging en opstanding van Christus is hulle in boeie in 'n spesiale bewaarplek gehou. Christus het na hierdie spesiale bewaarplek gegaan waar Hy sy totale oorwinning oor hierdie gevalle engele aangekondig het.

Christus, die seëvierende Generaal

“Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het.”

Nadat Christus sy oorwinnig oor hierdie bose engele aangekondig het, neem Hy finaal beheer oor hulle. Hulle is nou aan die gesag en outoriteit van Christus onderworpe. Verder het Christus Sy regmatige plek aan die regterhand van God ingeneem, waar Hy saam met God oor die heelal, die lotsbestemming van volkere en gelowiges regeer.

3. WAT BETEKEN DIT VIR GELOWIGES WAT ONREGVERDIG LY?

“Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is? ¹⁴Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. ¹⁵In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te



gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe."
(1 Petrus 3:13-15)

Binne hierdie konteks wat handel oor die lyding en oorwinning van Christus oor die engele in die gevangenis, wil Petrus by gelowiges 'n ander ingesteldheid oor hulle huidige lyding kweek. Lyding is nie 'n teken van mislukking of dat daar fout met jou geloof is nie. Die regte perspektief en hantering van lyding kan tot 'n lewe van oorfloed en oorwinning lei. In verse 13 tot 15 skryf Petrus oor hierdie lewe van oorfloed en oorwinning:

- Gelowiges kan opnuut weer in die *goeie* glo en kampvegters vir die goeie word. (v.13)
- Gelowiges hoef nie 'n lewe van *vrees* en neerlae te ervaar nie, maar kan oorwinnend en met vrymoedigheid leef. Hulle lewenslot word nie deur mense of deur die duiwel bepaal nie. (v. 14)
- Gelowiges leef met 'n *lewende hoop* in hulle harte en hulle is gereed om met enige iemand te praat oor die hoop wat in hulle harte leef en nie hulle vrese nie. (v. 15)
- In die harte van gelowiges gebeur daar iets: hulle kroon die oorwinnende Christus opnuut as *koning* in hulle harte. Dieselfde Christus wat met gesag aan die regterhand van God regeer, regeer ook met gesag en oorwinning in die harte van gelowiges.
- Mag hierdie tydperk 'n fase in jou lewe wees waar jy jou lyding omkeer en aanwend om seëvierend en met oorfloed te leef en nie soos 'n verloorder wat vol vrese en sinloos rondobber nie. AMEN!

5. SLOTLIED:

My Herder is die Heer alleen
Wat ek ontbreek wil Hy my gee
Hy laat my neerlê in groen weivelde
Waar rus is lei Hy my heen.

En ek vertrou op U alleen
Ja, ek vertrou op U alleen
U guns en goedheid sal my volg en vind
Genade vir my U kind



U lei my in geregtigheid
U salf my siel met hartlikheid
My beker vloei net oor van dankbaarheid
Van nou tot in ewigheid
En ek vertrou op U alleen
Ja, ek vertrou op U alleen
U guns en goedheid sal my volg en vind
Genade vir my U kind

6. SEËNBEDE

¹²Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. ¹³Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde. ¹⁴"Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan.

¹⁷Die Gees en die bruid sê: "Kom!"

En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!"

²⁰Hy wat dit alles getuig, sê:

"Ja, Ek kom gou!"

Amen! Kom, Here Jesus!

AMEN

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer



Gaan dan heen. Gaan in vrede.

My kind gaan doen - wat Ek van jou vra:

Versprei My lig, gaan leef My liefde.

My kind onthou Ek is altyd daar.

Kyk Ek gaan voor jou uit. Ek maak jou pad gelyk.

Ek is langs jou om jou veilig vas te hou.

Ek is agter jou. Ek keer die bose weg van jou.

Ek is onder jou - as jy sou val, dan dra Ek jou.

Gaan dan heen. Gaan in vrede.

My kind gaan doen - wat Ek van jou vra:

Versprei My lig, gaan leef My liefde.

My kind onthou Ek is altyd daar.

Kyk Ek is rondom jou want Ek beskerm jou.

Ek is bokant jou want Ek wil jou graag seën.

Ek is binne jou. Ek lei jou deur my Heilige Gees,

Die seën van God Drie-Enig sal vir ewig by jou wees.

